

# Tsunamis & AARDBEWINGS



STEFAN WEHMEYER

Assistentdirekteur: Steundienste

26 Desember 2004. 00:58:53 GMT.

A mper 'n minuut voor nege voor-middag in Indonesië. Die grootste aardbewing in 40 jaar en die vierde grootste sedert 1900 ruk die aarde. Verder weg in Bangladesh, Indië, Maleisië, Maldive, Myanmar, Singapore, Sri Lanka en Thailand voel mense ook die trilling, maar ag wat, steur hulle ook nie juis daaraan nie. 'n Uur of twee later merk mense langs die kusgebiede op, 'dis darem vreemd hierdie snaakse laaggety' en 'wonder waar is die water nou?' En toe kom die groot branders, tot 10 meters hoog en veroorsaak seker die grootste natuurramp in menseheugenis. Groot verwoesting word gesaai in die lande van die noordelike Indiese Oseaangebied, selfs tot aan die kus van Afrika en onnatuurlike watergetye kom voor tot aan die suidpunt van Afrika, die weskuste van die Amerikas en selfs tot in Nieu-Seeland.

Aardbewings en tsunamis... 26 Desember 2004 sal nog lank in die geheue van die wêreld vassteek. Soveel mense van sovele lande is geraak deur hierdie tragiese natuurverskynsel en aangesien dit die onderwerp van algemene belangstelling is en seker ook die tema gaan wees van menige skooltaak, het ek die Internet aangeskakel om te sien wat mens alles daar kan kry.

Ek was glad nie verbaas om op Google te sien dat die woord tsunami die mees gewildste soekterm in die eerste week van Januarie was nie. Die woord tsunami is Japanees. Die tsu beteken 'hawe' en die nami beteken 'golf'. Dit kom van ou

Japannese vissers wat in die diepsee visgevang het, miskien 'n golfdeiningtjie of twee opgemerk het en kom toe niksvermoedend in die hawe aankom en sien dat alles verwoes is.

Seker een van die beste webwerwe is dié van die National Earthquake Information Centre van die United States Geological Survey <http://neic.usgs.gov/>. Alhoewel natuurlik baie Amerikaans, verskaf die webwerf, byvoorbeeld, inligting oor alle aardbewings wat wêreldwyd gebeur. Wie sou kon dink dat daar elke dag ten minste 10 aardbewings op die aarde plaasvind? Die jongste aardbewing hierdie jaar, naaste aan Suider-Afrika, was 960 km suid van Marioneilande op die sesde Januarie. Dit was net 5.5 op die Richterskaal, maar sê nou net dit was ook 'n grote? Dit was 06:30 ons tyd en indien dit 'n tsunami veroorsaak het, sou dit baie ontwrigting aan ons kus meebring het. Die webwerf maak voorsiening dat mens per e-pos of selfoon ingelig kan word van groot aardbewings, maar ongelukkig is die gouste wat hulle die inligting op die oomblik kan verskaf, eers twee ure nadat 'n aardbewing plaasgevind het.

Descriptor	Magnitude	Average Annually
Great	8 and higher	1
Major	7 - 7.9	17
Strong	6 - 6.9	134
Moderate	5 - 5.9	1319

<http://news.bbc.co.uk/1/hi/in.depth/world/2004/asia.quake.disaster/>

Op hierdie webwerf is al die nuutste nuus

oor die Asiese tsunami. Die ontstaan van die tsunami word, onder andere, grafies uitgebeeld. Hier is ook videosnitte, verslae van ooggetuies en ontledings van die gebeurte.

'...A Swedish toddler has had an emotional reunion with his father after being found abandoned next to a road on the stricken Thai island of Phuket...'

<http://www.pbs.org/wnet/savageearth/tsunami/>

Verskaf inligting en multimedia oor tsunamis. Bespreek geskiedkundige tsunamis, oorsake, gevolge en verwante inligting. '...the sea can seem at first to draw a breath and empty harbors, leaving fish flopping on the mud. This sometimes draws the curious to the shoreline and to their deaths, since the withdrawing of the sea is inevitably followed by the arrival of the crest of a tsunami wave...'

<http://walrus.wr.usgs.gov/tsunami/>

Verskaf algemene inligting oor hoe tsunamis ontwikkel asook 'n hele paar grafiese uitbeeldings daarvan, met opsommings van navorsingstudies.

'...Contrary to many artistic images of tsunamis, most tsunamis do not result in giant breaking waves (like normal surf waves at the beach that curl over as they approach shore). Rather, they come in much like very strong and very fast tides...'

Die webtuiste van die Hawaïese tsunami museum sluit geskiedkundige foto's, antwoorde op gereelde vrae (FAQs) en skakels na ander bruikbare tsunami webwerwe in. '...There was a massive underwater fault displacement or movement of the ocean floor of about 15 m, which generated the tsunami waves...'

<http://www.who.int/hac/crises/international/asia.tsunami/en/>

Op hierdie webwerf gee die Wêreld Gesondheidsorganisasie (WHO) inligting oor die gesondheidsaspekte van die 26 Desember tsunami. Agtergrondinligting, kontakte en skakels na relevante dokumente word ook hier gevind. Dit sluit in algemene nuus en die jongste inligting, met spesifieke verwysing na Sri Lanka, Indië, Indonesië, Thailand, Maldive, Myanmar en Bangladesh. Byvoorbeeld, *Situational report 12* (sien tabel op volgende bladsy).

Areas affected	Damage	Displaced	Relief	Injured	Missing	Deaths
Indonesia Aceh: Districts (14 out of 21); 1 mill. people	172 sub-districts, 1550 villages, and 21,659 houses destroyed	417,124		1,736 hospitalised	127,749	101,199 buried

<http://www.geophys.washington.edu/tsunami/>

Op die webwerf van die Universiteit van Washington se siviele ingenieurswesedepartement is allerhande inligting oor tsunamis. Dit sluit in fisika, onlangse gebeure, foto's en geskiedkundige gebeurtenisse.

*'...Important facts to know about tsunamis: tsunamis can move faster than a person can run. If you are on land: If you are at the beach or near the ocean and you feel the earth shake, move immediately to higher ground, DO NOT wait for a tsunami warning to be announced; If you are on a boat: Since tsunami wave activity is imperceptible in the open ocean, do not return to port if you are at sea and a tsunami warning has been issued for your area...'*

<http://tsunamihelp.blogspot.com/>

Hierdie blog ('n Blog is 'n Internetterm vir 'n dagboek wat op die web beskikbaar is) bevat leserbydraes oor dodetalle, noodlenigingspogings, skakels na hulporganisasies en meer. Die kwaliteit van die inligting kan egter wisselvallig wees.

*'...Finally they called Prime Minister's secretariat, but Prime Minister was out on his morning walk. Thinking at least it's best to keep him vigilant on this, the Honolulu officials left the message with the person who picked up the phone to inform Prime Minister that there's a tsunami coming from Indonesia. On Prime Minister's return, the operator told Prime Minister about the call, said T. Sunami from Indonesia is arriving in 2 hrs. Prime Minister promptly took action to send a delegation to Katunayake Airport with name boards 'Welcome Mr. T. Sunami - Indonesia...'*

<http://www.digitaldivide.net/community/disaster-relief>

Die forum is spesiaal geskep deur die Digital Divide Network om die sogenaamde 'digital divide' en die invloed daarvan op die Asiese tsunamis te bespreek. Die webwerf bespreek die rol van Information and Communication Technology (ICT) in die voorkoming van rampe en hulp tydens noodlenigingspogings.

*'...But as we learn more about why some people survived and others didn't, it's made me realise that bridging the digital divide - particularly in terms of promoting technology literacy and e-government for all - is more important than ever. By: Andy Carvin, EDC Center for Media & Community...'*

**British Geological Survey (BGS).**

[http://www.earthquakes.bgs.ac.uk/latest\\_info.htm](http://www.earthquakes.bgs.ac.uk/latest_info.htm)

Nuus en data oor die Desember 2004 tsunami. Hoogtepunte is seismografiese inligting oor die aardbewing en geskiedkundige seismiese inligting van noordelike Sumatra.

*'...The earthquake occurred as a result of the convergence of the Indian and Asian tectonic plates, with the Indian plate moving approximately northeast at a rate of around six cm per year at an oblique angle to the Java Trench...'*

**Andaman en Nicobar eilande.**

<http://www.and.nic.in>

Tot en met die tsunami het min mense geweet van hierdie eilande wat deur Indië geadministreer word. Die webwerf bevat amptelike inligting oor die Indiese eilande wat in die Baai van Bengale geleë is. Hierdie eilande was reg in die maalstroom van die natuurramp.

*'...Car-Nicobar island: Population 20292, Lives lost (human) 466, Missing 491, Persons in camp 12 894...'*

**Poynter Instituut.** <http://www.poynter.org/column.asp?id=49&aid=76250>

Hierdie uiters volledige webwerf bevat inligting oor groot aardbewings die afgelope 10 jaar. Ook op die webwerf is inligting oor Internetbronne oor aardbewings en die webuimtes van hulpverleningsorganisasies.

*'...At least 150,000 people are known to have died as a result of the tsunamis and the count is still taking place. The true final toll may never be known due to bodies swept out to sea, but it is likely to be higher than the current estimate...'*

<http://www.reliefweb.int/w/rwb.nsf>

Vind hier nuus, inligting en agtergrond oor verskeie humanitêre noodtoestande en natuurrampe soos aardbewing, vloede, droogtes, tsunamis en hongersnood. Baie volledige inligting oor noodlenigingswerk in die tsunami rampgebiede.

*'...SOUTH AND EAST ASIA - Earthquake/Tsunami - December 2004*

*List of pledges and commitments as of 3 February 2005*

**Grand total \$5,488,747,538...'**

Webruimtes hierbo genoem is maar net 'n paar van die wat beskikbaar is op die Internet. Nog meer, eintlik 'n vloed van inligting kan gevind word op 'n goeie Internetgids soos Yahoo!

[http://dir.yahoo.com/Science/Earth\\_Sciences/Oceanography/Physical\\_Oceanography/Waves/Tsunamis/](http://dir.yahoo.com/Science/Earth_Sciences/Oceanography/Physical_Oceanography/Waves/Tsunamis/) of net om gewoonweg die woord 'tsunami' in te tik by 'n goeie soekenegine soos Google.

*'... Results 1 - 10 of about 27,800,000 for tsunami...'*

2005